# REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

# STAATSKOERANT

## VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

*Registered at the Post Office as a Newspaper*

*As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

VOL. 399

CAPE TOWN, 4 SEPTEMBER 1998

KAAPSTAD, 4 SEPTEMBER 1998

No. 19215


OFFICE OF THE PRESIDENT

No. 1122. 4 September 1998

It is hereby notified that the President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 43 of 1998: Births and Deaths Registration Amendment Act, 1998.

KANTOOR VAN DIE PRESIDENT

No. 1122. 4 September 1998

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 43 van 1998: Wysigingswet op die Registrasie van Geboortes en Sterftes, 1998.

**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

**[ ]** Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

______ Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

# ACT

**To amend the Births and Deaths Registration Act, 1992, so as to further regulate the registration of births; to regulate the registration of deaths where a medical practitioner is not available to certify the cause of death; to further regulate the publishing of the alteration of forenames or surnames; and to provide for matters connected therewith.**

*(English text signed by the President.)*
*(Assented to 27 August 1998.)*

BE IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

**Amendment of section 9 of Act 51 of 1992, as amended by section 4 of Act 41 of 1995**

**1.** Section 9 of the Births and Deaths Registration Act, 1992 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended by the insertion of the following subsection after subsection (3):

"(3A) Where the notice of a birth is given after the expiration of one year from the date of birth, the birth shall not be registered unless the notice of the birth complies with the prescribed requirements for a late registration of birth.".

**Amendment of section 14 of Act 51 of 1992**

**2.** Section 14 of the principal Act is hereby amended by the addition of the following paragraph to subsection (1), the existing subsection becoming paragraph *(a)* thereof:

"*(b)* Where notice of a person's death cannot be given by means of a certificate mentioned in section 15(1) or (2) because a medical practitioner did not attend him or her before his or her death, or was not available to examine the corpse, any person who was present at the death, or who became aware thereof, must give notice of the death in the prescribed manner, and the person contemplated in section 4 must deal with such notice in accordance with the prescribed procedure.".

**Amendment of section 27 of Act 51 of 1992**

**3.** Section 27 of the principal Act is hereby amended by the addition of the following subsection, the existing section becoming subsection (1):

"(2) Subsection (1) shall not apply where the alteration was authorized in the prescribed manner under a witness protection plan.".

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

**[ ]** Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

__________ Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

# WET

**Tot wysiging van die Wet op die Registrasie van Geboortes en Sterftes, 1992, ten einde die registrasie van geboortes verder te reël; die registrasie van sterftes te reël wanneer 'n mediese praktisyn nie beskikbaar is om die oorsaak van dood te sertifiseer nie; die publisering van die verandering van voorname of vanne verder te reël; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

*(Engelse teks deur die President geteken.)*
*(Goedgekeur op 27 Augustus 1998.)*

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**Wysiging van artikel 9 van Wet 51 van 1992, soos gewysig deur artikel 4 van Wet 41 van 1995**

**1.** Artikel 9 van die Wet op die Registrasie van Geboortes en Sterftes, 1992 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig deur die volgende subartikel na subartikel (3) in te voeg:

"(3A) Waar die aangifte van 'n geboorte gedoen word na die verloop van een jaar vanaf die datum van die geboorte, word die geboorte nie geregistreer nie tensy die aangifte van die geboorte aan die voorgeskrewe vereistes vir 'n laat registrasie van geboorte voldoen.".

**Wysiging van artikel 14 van Wet 51 van 1992**

**2.** Artikel 14 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende paragraaf by subartikel (1) te voeg, terwyl die bestaande subartikel paragraaf *(a)* daarvan word:

"*(b)* Waar kennis van 'n persoon se dood nie by wyse van 'n sertifikaat vermeld in artikel 15(1) of (2) gegee kan word nie omdat 'n mediese praktisyn hom of haar nie voor sy of haar dood behandel het nie, of nie beskikbaar was om die lyk te ondersoek nie, moet 'n persoon wat teenwoordig was by die afsterwe, of wat daarvan te wete gekom het, kennis van die dood op die voorgeskrewe wyse gee, en die persoon beoog in artikel 4 moet met so 'n kennisgewing ooreenkomstig die voorgeskrewe prosedure handel.".

**Wysiging van artikel 27 van Wet 51 van 1992**

**3.** Artikel 27 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende subartikel by te voeg, terwyl die bestaande artikel subartikel (1) word:

"(2) Subartikel (1) is nie van toepassing nie waar die verandering op die voorgeskrewe wyse kragtens 'n getuiebeskermingsplan gemagtig is.".

**Short title**

**4.** This Act shall be called the Births and Deaths Registration Amendment Act, 1998.

**Kort titel**

**4.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op die Registrasie van Geboortes en Sterftes, 1998.

PRINTED BY CREDA COMMUNICATIONS, CAPE TOWN, FOR THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA, TEL. (012) 334-4507, 334-4511, 334-4509, 334-4515—7000
GEDRUK DEUR CREDA COMMUNICATIONS, KAAPSTAD, VIR DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA, TEL. (012) 334-4507, 334-4511, 334-4509, 334-4515—7000